E-nuusbrief van sendelinge met OM Oekraine : Willem, Alla en kinders **Junie 2010**

HERE4U

Dis somer in die Oekraïnse!

Ek weet julle wag al lank vir 'n nuwe nuusbrief. Ek is jammer. Die somer-aktiwiteite was hierdie jaar vinniger op my as vorige jare.

(oor ons gesinsbediening)

My gesin is my kerk

Toe ons plaaslike kerkleier in Februarie vir ons gevra het of ons nie dalk 'n kamp wou organiseer vir jonger gesinne van ons kerk, het beide van ons onseker gewees of dit is wat ons moet doen. Soos die tyd aanstap het, het ons begin besef dat gesinne, selfs Christen-gesinne, ver tekort-skiet aan die ideaal, wat God vir hulle huwelike het. Soos die somer nader gekom het, het pastor Vladimir weer vir ons gevra of ons dit sal doen. Willem het bevestigend geantwoord, maar nog steeds het ons nie geglo dat dit 'n werklikheid kan wees nie. So 'n maand voor die eerste kamp het Willem 'n aankondiging in die kerk gemaak en het ons dit persoonlik vir mense begin noem. En soos ons stappe begin neem het om die kamp 'n werklikheid te maak, het...

1) Willem die tema vir die gesinskamp geformuleer en temas begin uitwerk.
2) Willem na die kampterein gaan kyk en besef dat ons nie meer as met 10 gesinne op 'n slag sal kan werk nie.
3) Mense begin inteken vir die kamp en ons tot die skok gekom dat daar genoem gesinne is vir twee kampe! Hoe gemaak? Wel, dit beteken ons sal moet twee kampe organiseer i.p.v. een soos ons oorspronklik beplan het.
4) Net 2 weke voor die eerste kamp, het Alla die gevolgtrekking gemaak, dat die mense, wat vir die eerste kamp gaan kom nie juis gaan baat vind by die temas, wat Willem al vir die (tweede) kamp uitgewerk gehad het nie.
5) Dus werk Willem nog 'n stel temas uit!
6) Nadat ons al die bydraes van alle kampgangers ontvang het, was ons baie beangs. Hoekom? Want ons het nog ten minste R15 000 nodig gehad om al die kostes van die 2 kampe te betaal. Hoe nou? Kanselleer kan ons nie meer nie, betaal kan ons ook nie!
7) Willem is maar traag vir Facebook, maar teken in net om van een van ons vriende te hoor: "Hoe kan ek help met die kampe buiten gebed?"
8) Net dae voor die kamp het ons die beoogde bedrag en vertrek ons na die kampe.

<u>Wie het die kampe bygewoon?</u>

Die eerste gesinskamp was vir gesinne met klein babas. Die paartjies was almal minder as 3 jaar in die huwelik. Die tweede kamp was vir gesinne met kinders, ouderdomme 2-20. Terwyl die eerste kamp bygewoon was deur lidmate van ons plaaslike kerk, was die tweede kamp 'n mengel van uiters verskillende mense. Ons het gelowiges, sowel as ongelowiges gehad; mense met 2 jariges, sowel as gesinne met tieners.

<u>Temas en gevolgtrekkings</u>

Die tema vir die eerste kamp was *Eenheid in die huwelik.* Dit was vir ons opvallend hoeveel probleme hierdie jong, Christen-gesinne gehad het. Die gesinne met die grootste probleme was kinders van kerkleiers. Meeste paartjies het min of geen kommunikasie in hul huwelike. Almal was dankbaar vir die kamp. Ons hoop dat van hierdie gesinne sal inskakel in ons nuwe gesinsbediening. On Dinsdagaande het ons 'n nuwe gesinsgroep begin. Tans is daar 3 paartjies, wat gereeld bywoon, met nog ander wat nog nie hulself 100% verbind het tot die groep nie. Die tema vir die tweede kamp was *My gesin is my kerk.* Net soos in die kerk moet ons gesinne die plek van aanbidding, lering en bediening aan mekaar en die wêreld wees. Van die 10 paartjies, wat die kamp bygewoon het, het 7 paartjies hul opnuut verbind tot die geestelike ontwikkeling van hulle gesinne. Baie was in trane (soos hulle hulself aan God gewy het) tydens die laaste aanbiddingsessie, wat ons gehad het. Een van die paartjies, wat nie in enige kerk is nie (Zhenja en Lena) het hulself verbind om gereeld ons gesinsgroep, wat op Sondagaande saamkom, by te woon.

Willem tydens een van die besprekingsessies

Alla maak afkondigings gedurende die kamp

Gesin-sport: Almal neem deel

Die kinders het hulle eie program

Die kampvuur is altyd 'n treffer

Toekomsplanne

Nou weet ons verseker dat dit is wat God wil hê ons in die nabye toekoms moet doen. Dit is wel iets nuuts, maar so was dit toe ons 10 jaar gelede met kinderkampe begin het. Wie weet, dalk doen almal gesinskampe oor 10 jaar van nou af. Die Evangelie is mos daar om ons gewoontes en kultuur te verander.

Ons wil graag na die somer 'n kamp vir ouer-gesinne organiseer. Ons dink aan gesinne, waar die kinders al groot is en die huis begin verlaat. Willem ervaar die tema moet wees: '*Wat het die Here nou vir my?"* Een ding weet ons verseker, en dit is dat ons nie daaroor kan lering gee nie. Dus sal ons 'n spreker nodig hê. Ons sal ook graag vir verliefdes, wat op trou staan, 'n kamp wil hou so teen volgende Mei.

Daar is nog ander idees ook. Ons sal graag kampe wil gebruik om nuwe gesinsbedienings in die Oekraïne te begin. Ons glo dat gesinsgroepe 'n effektiewe manier van evangelisasie en dissipelskap is. Buiten ons 2 gesinsgroeppe, het Willem saam met 'n ou-spanlid net buite Vinnitsa nog 'n gesinsgroep begin. Hoeveel sulke groepe beplan God vir die komende jare? Ons weet nie regtig nie, maar glo dat Hy ons gesin uitgekies het om sy Wil hier ten opsigte uit te voer.

(oor gesin)

Op 10 al gegradueerd

27 Mei was 'n groot dag vir ons gesin. Johan het die laerskool klaar gemaak en sal van 1 September met die volgende fase van sy skoolloopbaan begin. Hier bestaan die laerskool uit grade 1-4. Hulle het 'n gradeplegtigheid en 'n spesiale dinee gehad na die plegtigheid.

Dieselfde oggend het Vova ook 'n skoolkonsert gehad. Hy is nou klaar met skoolvoorbereiding en sal 1 September skool toe gaan. Hy het die afgelope jaar al so bietjie begin lees en skryf. Natuurlik sien hy uit na die 'groot' skool.

Johan se (graad 4)klas

Elkeen kry 'n kans om die skoolklok vir oulaas te lui

Johan ontvang sy sertifikaat van die skoolhoof

Johan saam met sy skoolhoof en onderwyseres

Nou is dit 3 maande lank vakansie in ons huis. Die enigste manier hou ouers dit hier 'uithou' vir so lank met al die kinders tuis is om hulle na 'n kamp te stuur. Ons het hulle saam gesinskampe toe gevat. Nou is Vova in 'n skoolkamp en van volgende week gaan Johan na 'n Christelike kinderkamp naby Kiev.

(oor ons kampe)

Sewe is die getal

Verlede week toe Willem 'n kerk in die omgewing besoek, waar ons 'n kinderkamp beplan, het hy weereens besef dat kerke nie 'n visie vir kinderbediening het nie. Hierdie kerkie het nie minder as 50 lidmate, maar geen Sondagskool nie. Daar is talle sulke kerkies in ons omgewing. Alreeds die afgelope 10 jaar is ons bediening instrumenteel in die begin van nuwe Sondagskole in sulke kerkies. Ook hierdie somer beplan ons 7 kinderkampe in sulke dorpies/kerkies.

PROJEK

Soos julle kan raai, uit al die stories in hierdie brief, sal ons die somer weereens besig wees met kampe. Meeste van hierdie kampe word gedeeltelik befonds deur die Oekrainse, saam met wie ons werk. Ten spyte hiervan moet ons nog steeds fondse find vir die aankoop van inventaris . Dit het ons alreeds deur 'n donasie ontvang. Tans het ons nog net fondse nodig om ons vervoer na en van die kampe te dek. Indien ons R10 000 ontvang, sal dit seker ons kostes dek. Oorweeg asb. om 'n ietsie hiervoor te skenk (Nota: *Ukraine – Children's camps*).

Baie dankie vir almal se getrou ondersteuning en gereelde bydraes.

GEBEDSPUNTE

1. Ons het genoeg vrywilligers vir die 7 kinderkampe, wat ons hierdie somer beplan. Bid vir befondsing van vervoerkoste, sensitiwiteit vir die Heilige Gees, reklame, dat ouers hul kinders sal toelaat om kampe toe te gaan en effektiewe verkondiging van die Evangelie.
2. Bid dat ons gesin veilig sal reis na en van ons somer-ruskansie by die see en dat dit 'n tyd van verfrissing en inspirasie sal wees.
3. Vanaf 24 Julie sal Willem vir amper 2 weke opleiding aanbied in Zambië . Dit is 'n kurses vir sendelinge, wat by opleiding van ander betrokke wil wees. Daarna sal hy van 5-17 Augustus in Suid-Afrika wees.
4. Ons gesinsbediening het gegroei tot 3 groepe. Ons is die Here dankbaar daarvoor. A.g.v. Die vakansie hier is ons nie seker of die groepe oor die somer sal bly saamkom nie. Ons hoop egter dat ons die groepe na die somer weer sal kan bymekaar kry. Dank die Here saam met ons vir die kampe.

BELANGRIKE DATUMS

Alhoewel van die datums nog nie bevestig is nie, noem ek 'n paar datums van belang:

27	Junie	Kinderkampe begin
28	Junie	Johan woon 'n Christen kinderkamp in Kiev by vir 10 dae.
30	Junie	Moontlike besoek aan Rivne – Willem
5	Julie	Ons gesin hou vakansie
24	Julie	Willem vlieg Zambie toe vir EquipT-kurses
5	Augustus	Willem vlieg Suid-Afrika toe (Pretoria omgewing)
7	Augustus	Willem vlieg Kaapstad toe (Werk en besoek aan ouers)
17	Augustus	Willem vlieg terug Oekraine toe
10-12	September	Beplanningsdae vir OM-Oekraine

Webplekke

Here4U (Benodig werk)

Ons albums (Nuwe kampfotos)

WayOut - Willem's blog (NUUT)

OM Oekraine (Word vernuwe)

Donasies

As geloofsbediening is ons afhanklik van finansiele donasies.

Debietorders:
Laai 'n debietorder vorm af of kontak Willem om een vir jou te stuur.

OM RSA debietorder.doc

Bedieningsrekenings:

Nedbank - Spaar
2389008291(takkode 138905)
ABSA - Spaar
9060994478 (takkode 632005)

(Benodig werk)

Kontak ons

Van der Colffs
Postbox 6377
Vinnitsa
21030
UKRAINE
willem@ua.om.org
wiluaom@gmail.com

Willem se sel: +380-97-9397473
Alla se sel: +380-97-9889726
Huis: +380-432-466079
Skype: willemvandercolff